Skoollied

In die vlakte, deurspoel deur die Breërivier,
Lê die pragtigste dorp in ons land,
Daar heers arbeid met vlyt
Daar waar Robertson pryk,
Teen die hange met wynstok beplant,
En die Langeberge troon in hul glorie daarbo,
En hul kruine met witsneeu bedek,
Strek ons gees ook om hoog maar tot reinheid van blik
Skep die gees wat ons skool hier deurtrek.
Ons sal roem in die eer van ons hoërskool,
Ons sal juig oor ons skool se faam,
Ons sal werk vir sy eer
Ons sal speel op die veld
Ons is trots op ons skool se naam.
Leef dan voort Hoërskool
Jou roem ver versprei;
Dis die skool wat wil en kan,
Ons is trots en getrou
Soos die Langeberge blou
Ons sal handhaaf en bou want ons wil en kan.